**Re: Konvokasievergadering 10 November 2025**

Ek stel voor dat hierdie konvokasie ’n bespreking voer en daarna stem oor die stigting van ’n taakspan bestaande uit ’n groep vrywilligers wat divers ten opsigte van ouderdom, bevolkingsgroep, gender, geslag, sosio-ekonomiese status, individue met gestremdhede, en nasionaliteite is om met die Konvokasie se Uitvoerende Komitee en, waar nodig, die relevante US-kantore saam te werk om te verseker dat die items hieronder:

1. Konvokasieprosesse;

2. Vergaderingsprosesse (voor, tydens en na)

3. Jaarverslae

    a) halfjaarverslag skriftelik (alle portefeuljes)

    b) voljaarverslag skriftelik (alle portefeuljes) en in persoon (President);

4. Program van aksie(s)

    a) Jaarlikse program van aksie of aktiwiteite;

    b) Driejaarprogram van aksie vir die tydperk van verkose lede

maksimaal ooreenkom met en voldoen aan afdeling 5 (Beginsels-klousule) van die 2019 US Statuut

**Afdeling 5, 2019 US Statuut**

**Beginsels**

Die oorsigbestuur en administrasie van die Universiteit kragtens hierdie Statuut moet aan die volgende beginsels voldoen:

(a) verteenwoordigendheid, inklusiwiteit en deelname;

(b) ’n hoë standaard van etiek;

(c) uitkomste-georiënteerde werkverrigting;

(d) die doeltreffende, effektiewe en volhoubare gebruik van hulpbronne;

(e) responsiwiteit tot die welsyn van die universiteitsgemeenskap en die samelewing wat deur die Universiteit bedien word; en

(f) verantwoordelikheid, deursigtigheid en verantwoordbaarheid.

**Voorgestel deur:** **Gesekondeer/gesteun deur:**